*Dinsdag* **20 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 8:4-15 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Matteus 8:4, 14-15**

**Ons is Jesus se hande en voete**

Ons het gister begin kyk na Matteus 8:4-15. Matteus 8:4 en 8:14-15 omarm as't ware dit wat in 8:5-13 beskryf word. In die middelste gedeelte word (profeties) vertel van Jesus se optrede teenoor 'n nie-Jood, en die omarmende gedeelte (vs 4 en 14-15) vertel van Jesus se bediening aan Jode.

Israel was God se uitverkore volk. Uit hulle sou die Messias gebore word. As vooruitwysing na die Messias word allerlei godsdienstige reëlings in die Ou Testament gegee, onder andere die offers. Een van die offers was die dankbaarheidsoffer – vir mense wat gesond geword het, byvoorbeeld van melaatsheid, soos die man wat in Matteus 8:1-4 beskryf word. Jesus het 'n hart gehad vir die siekes en ellendiges. Daar staan in Matteus 14:14: Hy (het) die groot menigte mense daar gesien. Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak. So kom hierdie melaatse na Jesus toe, en word hy (fisies) gesond gemaak. Maar melaatsheid het 'n geweldige sosiale implikasie gehad – jy mag nie naby mense kom nie, ook nie eers jou eie gesin nie! Die enigste manier tot herstel was om deur die priesters rein verklaar te word, en dan die nodige offers te doen. So word hierdie melaatse gestuur na die priesters, en hy word weer sosiaal en godsdienstig aanvaar in die gemeenskap. Jesus herstel mense in verhoudings. So ook met Petrus se skoonma.

Maar juis omdat hulle die Here leer ken het in hierdie genade en barmhartigheid, was hulle veronderstel om tot 'n seën vir die nasies te wees (sien Gen. 22:18). Hulle was egter nooit baie geneë hiertoe nie – die boek Jona illustreer die Jode se onwilligheid om na die nasies toe uit te reik. Die Jode gaan uiteindelik só op in die rituele en uitwendige godsdiens dat hulle Jesus as Messias nie herken of erken nie, ja verwerp! Hierdie opdrag het in die Nuwe-Testamentiese era oorgegaan na die kerk van die Here, na ons! Ons is nou Jesus se hande en voete (Matt. 25:35 vv). Dit is ons Goddelike voorreg om uit te reik na hulle in nood, hetsy fisies of geestelik. Om God se genade en liefde te demonstreer aan 'n wêreld wat Hom nodig het.

*Sing: Psalm 103-1:7*

*Dr. AJ (Braam) Krüger (Benoni)*